BELEIDSDOKUMENT

NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

NAKOMINGSBELEID

INLIGTING

Dokumentverwysing:	Nakomingsbeleid
Verantwoordelike persoon (beleid):	Dr Frikkie Labuschagne
Afdeling verantwoordelik:	Kommissie van die AKV
Outeur(s):	Dr Frikkie Labuschagne, mnre Gert van Wyk en Johan Hattingh
Datum van hierdie weergawe:	10 Mei 2019
Weergawenommer:	1
Hersieningsdatum:	30 April 2024

GOEDKEURING

Taalkundig versorg:	Handtekening Geproeflees deur Tessa Oppermann	Datum 23 Mei 2023
Goedkeuringsliggaam:	Algemene Kerkvergadering	
Goedgekeur deur:	Handtekening	Datum: September 2019

WEERGAWEREKORD

	Nr	Datum	Veranderinge
Huidige weergawe:	1	10 Mei 2019	Oorspronklik
Vorige weergawes:			

INDEKS

1.	INLEIDING	4
2.	DOEL	5
3.	NAKOMINGSBELEIDSVERKLARING	5
4.	NAKOMINGSTRUKTUUR	6
5.	ROLLE, BEVOEGDHEID EN VERANTWOORDELIKHEDE MET BETREKKING TOT DIE NAKOMINGSRISIKOBESTUURSPROSES	7
5.1	ROL VAN DIE RAAD VAN FINANSIES	8
5.1.1	Rol	8
5.1.2	Bevoegdheid	8
5.1.3	Verantwoordelikhede	8
5.2	ROL VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE	8
5.2.1	Rol	8
5.2.2	Bevoegdheid	9
5.2.3	Verantwoordelikhede	9
5.3	ALGEMENE SEKRETARIS	9
5.3.1	Rol	9
5.3.2	Bevoegdheid	9
5.3.3	Verantwoordelikhede	10
5.4	ROL VAN DIE NAKOMINGSFUNKSIE	10
5.4.1	Rol	10
5.4.2	Bevoegdheid	10
5.4.3	Verantwoordelikhede	10
5.5	FIDUSIÊR VERANTWOORDELIKE PERSONE (RISIKOVERTEENWOORDIGERS)	11
5.6	ROL VAN INTERNE OUDIT (KOMITEE)	12
5.6.1	Rol	12
5.6.2	Bevoegdheid	12
5.6.3	Verantwoordelikhede	12
6.	VERKLARENDE WOORDELYS	13

1. INLEIDING

Die nakoming van wette, reëls en regulasies is integraal tot die NHKA se oudit- en risikobestuursproses. Die Oudit- en Risikokomitee is verantwoordelik vir ’n behoorlike nakomingsraamwerk en sien toe dat nie-nakoming aangemeld word, en gaan enige wesenlike skending van relevante wetlik gereguleerde vereistes na. Die Kerk voldoen aan hoë etiese standaarde, en ’n nakomingsbeleid word vir die NHKA daargestel om doeltreffendheid en algehele nakoming te monitor. Die NHKA se nakomingsbeleid en -raamwerk is aan die hand van die beginsels van King IV opgestel. Die bestuur en beheer word in die nakomingsbeleid omskryf om te verseker dat alle relevante wette en praktyke nagekom word.

Teologiese en kerkordelike vertrekpunt: Ordereël 9 – Aanhef

Deur die goedheid van God ontvang die Kerk stoflike middele om sy roeping uit te voer.

Die Kerk moet op verantwoordelike wyse toesig en beheer oor sy hulpbronne en bates uitoefen.

Ordereël 9.1

Toesig oor die finansies, hulpbronne, bates en ander kerklike goedere van gemeentes, ringe en die Kerk behels die ordelike beheer daarvan en die nakoming van bepalings, voorskrifte en besluite oor besittings en verpligtinge. Hierdie toesig vind plaas in ooreenstemming met die Kerkorde.

Die Kommissie van die AKV is die liggaam binne die NHKA wat finale aanspreeklikheid dra dat daar aan alle wette en regulasies voldoen word. Laasgenoemde word kragtens Ordinansie 9.2.2.2 (iv) aan die Raad van Finansies gedelegeer.

Die Raad van Finansies adviseer en staan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering by ten opsigte van –

(a) interne beheer in die Kerk, ringe en gemeentes;
(b) interne oudit;
(c) eksterne oudit;
(d) geïntegreerde verslagdoening;
(e) korporatiewe beheer;
(f) risikobestuur;
(g) inligtingstegnologie;
(h) belasting;
(i) volhoubaarheid; en
(j) nakoming van wetgewing.

Kragtens ’n besluit van die Raad van Finansies is die verantwoordelikheid om toesig te hou oor die implementering van die nakomingsbeleid en -raamwerk aan die Oudit- en Risikokomitee gedelegeer. Die algemene sekretaris as hoofnakomingsbeampte vervul ’n aktiewe rol in die fasilitering van die nakomingsproses en is verantwoordelik vir die implementering, voortgesette instandhouding en uiteindelike nakoming van die beleid, soos van toepassing op elke entiteit/orgaan van die Kerk. Die Raad van Finansies word op die hoogte van ontwikkelinge gehou deur middel van geformaliseerde verslagleweringstrukture, voortgesette kommunikasie en gereelde raadsvergaderings.

Die Raad van Finansies hersien driejaarliks die beleid wat deur die Kommissie van die AKV goedgekeur word.

2. DOEL

Hierdie beleid verduidelik die onderliggende benadering tot nakomingsrisikobestuur en dokumenteer die rolle, beheer en verantwoordelikhede van die Nakomingskomitee, die algemene sekretaris en Oudit- en Risikokomitee, bestuur van afdelings, die hoofnakomingsbeampte en afdelings se nakomingsbeamptes.

Dit beskryf ook sleutelaspekte van die Regulerende Nakomingsontwerp, die raamwerk en proses van nakomingsrisikobestuur, en identifiseer die hoofprosedures van die verslaglewering.

3. NAKOMINGSBELEIDSVERKLARING

Die NHKA erken sy aanspreeklikheid teenoor alle belanghebbendes wat onder die wetlike en regulerende vereistes van toepassing op sy werksaamhede ressorteer,

en is verbind tot hoë standaarde van integriteit en billike hantering in die uitvoering van sy werksaamhede. Die Kerk is daartoe verbind om te voldoen aan sowel die gees as die letter van toepaslike vereistes, en om altyd met die nodige vaardigheid, sorg en toewyding te handel. Die Kommissie van die AKV dra die finale aanspreeklikheid teenoor sy belanghebbendes om toesig oor die nakomingsvereistes te hou.

Die verantwoordelikheid om die toepaslike vereistes vir nakoming op alle vlakke in die NHKA te fasiliteer, is gedelegeer aan die hoofnakomingsbeampte wat oor die nakomingsfunksie toesig hou.

Die nakomingsfunksie identifiseer, assesseer, adviseer, moniteer en doen verslag oor die regulerende nakomingsrisiko van die NHKA. Die bestuur van nakomingsrisiko vorm deel van die totale risikobestuursraamwerk van die NHKA.

Die hoofnakomingsbeampte is verantwoordelik vir die effektiewe implementering van die nakomingsbeleid.

Dit moet egter benadruk word dat die primêre verantwoordelikheid om aan enige regulerende vereiste te voldoen, berus by alle kerklike liggame en verantwoordelike persone wat aan regulering onderhewig is (Ordereëls 9.1 en 9.2 verwys). Alle fidusiêr verantwoordelike partye moet derhalwe bewus wees van die toepaslike wetgewing en onderhawige regulasies, voorwaardes en reëls wat deur reguleerders voorgeskryf word, sowel as van die nakomingshandleiding en/of tegniese riglynnotas wat op hul spesifieke terrein van verantwoordelikheid van krag is.

Nakomingsrisiko's behels die verlies aan reputasie, boetes, siviele eise, en/of verlies aan volmag van die reguleerders wat die werksaamhede van die NHKA kan belemmer. Indien die sleutelwetgewing van die Kerk se werksaamhede geskend word, kan die organisasie swaar beboet en die fidusiêr verantwoordelike persone tronkstraf opgelê word. Skade aan die reputasie van die NHKA kan tot verlies van lidmate lei. Nakomingsrisiko's is ernstig en moet deur alle individue in die organisasie beheer word.

Die nakomingsraamwerk word deur die Oudit- en Risikokomitee bepaal, en leiding word aan alle belanghebbende partye verskaf om nakomingsrisiko's te bestuur. Die nakomingshandleiding kan vir verdere leiding en prosedures geraadpleeg word.

Alle fidusiêr verantwoordelike persone moet bewus wees van die gevolge van die nie-nakoming van regulatoriese vereistes.

Die nakomingsbeampte doen insake werksaamhede, beleid en wetgewing op kwartaallikse basis verslag, en rapporteer enige wesenlike afwykings aan die Oudit- en Risikokomitee.

4. NAKOMINGSTRUKTUUR

Die belangrikheid van doeltreffende nakoming binne die NHKA se werksaamhede vereis 'n robuuste nakomingstruktuur om voldoende toesig te verseker. Die hoofverantwoordelikhede wat in die diagram hieronder uiteengesit word, geld vir die hele organisasie:

* Die Oudit- en Risikokomitee adviseer die Raad van Finansies insake nakomingsverwante verantwoordelikhede.

* Die hoofnakomingsbeampte is daarvoor verantwoordelik om ’n raamwerk op te stel wat effektiewe nakoming van al die regulerende vereistes binne die Kerk verseker.

* Alle fidusiêr verantwoordelike persone verseker dat die nakomingsproses effektief, doeltreffend en verantwoordelik geïmplementeer word, en dat regstellende optrede deurgaans betyds geskied.

* ’n Genomineerde risikoverteenwoordiger is verantwoordelik vir die implementering van nakomingsbeleide en -prosedures, spesifiek toegespits op die afdelings se nakomingsvereistes, en in ooreenstemming met die oorkoepelende nakomingsraamwerk.

* Interne Oudit assesseer die toereikendheid en effektiwiteit van die nakomingsprosesse van die NHKA.



Figuur 1 – Nakomingstruktuur van die NHKA

5. ROLLE, BEVOEGDHEID EN VERANTWOORDELIKHEDE MET BETREKKING TOT DIE NAKOMINGSRISIKOBESTUURSPROSES

Die rolle, bevoegdheid en verantwoordelikhede met betrekking tot die nakomingsrisikobestuursproses word onderaan gelys.

5.1 ROL VAN DIE RAAD VAN FINANSIES

5.1.1 **Rol**

Die Raad van Finansies is aangestel om die werksaamhede (besigheid) van die NHKA te lei en te beheer, en om effektiewe korporatiewe beheer uit te oefen.

5.1.2 **Bevoegdheid**

Die Raad van Finansies is gemagtig om –

* volle en effektiewe kontrole oor die Kerk te behou, en die bestuur deur middel van die implementering van beleid te monitor; en

* die nodige inligting in te win of te koöpteer om ingeligte besluite te maak.

5.1.3 **Verantwoordelikhede**

Die verantwoordelikhede van die fidusiêr verantwoordelike persone word hoofsaaklik bepaal deur tersaaklike wetgewing en King IV. Binne hierdie konteks is die verantwoordelikhede van die Raad van Finansies onder meer die volgende:

* Magtig die nakomingsfunksie om onbeperkte ondersoeke uit te voer met betrekking tot nakomingsrisiko binne die organisasie, en sonder enige beperking op die omvang daarvan.

* Verseker dat prosedures en praktyke goed gevestig is om die Kerk se bates en reputasie te beskerm.

* Verseker dat die Kerk aan die regulerende vereistes voldoen.

* Verseker dat die tegnologie en stelsels wat in die Kerk gebruik word toereikend is om kerklike aktiwiteite behoorlik te bedryf, en om dit volhoubaar te hou deur die effektiewe gebruik van sy bates, prosesse en menslike hulpbronne.

* Identifiseer sleutelareas vir risiko en prestasie in die Kerk om die Kerk se volhoubaarheid te verseker.

* Bekom ’n basiese kennis en begrip van hoe die Kerk funksioneer, asook van die wette en gebruike wat die werksaamhede van die Kerk reël.

* Hersien die nakomingsbeleid en doen aanbevelings aan die Kommissie van die AKV.

* Hersien jaarliks die werksaamhede van die Oudit- en Risikokomitee om die effektiwiteit van sy verantwoordelikhede te evalueer.

5.2 ROL VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE

5.2.1 **Rol**

Die Oudit- en Risikokomitee adviseer die Raad van Finansies om die nakomingsrisikoprofiel van die NHKA jaarliks te hersien, en om die nakomingsbestuurspraktyke en -beleide te ontwikkel en in stand te hou.

5.2.2 **Bevoegdheid**

Die Oudit- en Risikomitee sien toe dat al die toepaslike regulerende vereistes en nakomingsrisiko's van die NHKA verstaan en behoorlik bestuur word.

5.2.3 **Verantwoordelikhede**

* Adviseer die Raad van Finansies insake die hersiening van die nakomingsbeleid.

* Verseker dat die nakoming in ooreenstemming is (in lyn is) met relevante wetgewing.

* Verseker dat die nakomingsfunksie organisasiewye standaarde stel om die relevante regulerende vereistes na te kom, en dat hierdie standaarde effektief in ooreenstemming met die standaarde en norme van die bedryf gekommunikeer word.

* Hersien die aktiwiteitsplan en verseker dat dit in ooreenstemming is met die Kerk se norme en waardes.

* Verseker dat die nakomingsfunksie die nakomingsrisiko in ooreenstemming met die standaarde en norme van die bedryf monitor.

* Verseker dat die hoofnakomingsbeampte nie-nakoming van regulerende vereistes op 'n tydige wyse rapporteer.

* Verseker dat die hoofnakomingsbeampte gereeld inligting verskaf oor die nakoming van wette en regulerings of toesighoudende vereistes.

* Hersien enige beduidende sake verwant aan nakomingsrisiko wat deur die nakomingsfunksie gerapporteer is, en monitor vordering om hierdie sake reg te stel.

* Hersien enige beduidende verskille tussen bestuur en die funksie ten opsigte van nakomingsrisiko.

* Assesseer die toereikendheid en effektiwiteit van die uitvoering van die nakomingsfunksie.

5.3 ALGEMENE SEKRETARIS

5.3.1 **Rol**

Die algemene sekretaris is verantwoordelik vir die dag-tot-dag-bestuur van die NHKA se werksaamhede binne 'n aanvaarbare risikoprofiel (inbegrepe regulerende nakomingsrisiko) en om volhoubaarheid te verseker.

5.3.2 **Bevoegdheid**

Die algemene sekretaris dra die gedelegeerde gesag van die Raad ten opsigte van besluitneming oor die dag-tot-dag-risikobestuur.

Hierdie mandaat bemagtig die algemene sekretaris om die voorgeskrewe hulpbronne te beheer, intern en ekstern, om daardeur te verseker dat risiko's (inbegrepe regulerende nakomingsrisiko) effektief binne die NHKA bestuur word.

5.3.3 **Verantwoordelikhede**

Die verantwoordelikhede van die algemene sekretaris is onder meer die volgende:

* Hou toesig oor regulerende nakomingsrisiko's en kontroleprosesse op uitvoerende vlak.

* Vestig die NHKA se regulerende nakomingsrisiko- en kontrolefilosofie, asook regulerende nakomingsrisiko en kontrolestrategieë.

* Moniteer dat alle regulerende nakomingsrisiko's bestuur word met aanvaarbare kwalitatiewe en kwantitatiewe nakomingsrisikoprofiele.

* Verseker dat behoorlike interne kontroles gevestig is deur 'n sterk nakomingskontrole-omgewing te ontwikkel en te voorsien.

* Verseker dat beleide goedgekeur en gevestig is.

* Verseker dat inligting en rapporteringstelsels wat betrekking het op regulerende nakomingsrisikobestuur en -kontrole, toereikend, akkuraat en effektief is.

* Verseker dat regulerende nakomingsrisiko met langtermynplanne in ag geneem is.

* Doen op 'n gereelde basis verslag aan die Raad oor die regulerende nakomingsrisiko en -kontrole.

5.4 ROL VAN DIE NAKOMINGSFUNKSIE

5.4.1 **Rol**

Nakoming is 'n onafhanklike funksie binne die Kerk wat die prosesse op 'n organisasiewye basis monitor in terme van konsekwentheid, ontwerpeffektiwiteit en uitvoeringseffektiwiteit deur deelname aan en koördinering en monitering van die totale nakomingsrisikoproses.

5.4.2 **Bevoegdheid**

Hierdie funksie is gemagtig deur die Raad om deurtastende ondersoeke binne die Kerk sonder enige omvangbeperkings uit te voer. Dit het derhalwe die reg van toegang tot alle rekords, inligting en/of personeel binne die Kerk oor enige saak, soos nodig geag, om sy verpligtinge na te kom.

5.4.3 **Verantwoordelikhede**

Die verantwoordelikhede van die nakomingsfunksie is onder meer om –

* die ontwikkeling, goedkeuring en instandhouding van die Nakomingsbeleid te fasiliteer;

* organisasiewye standaarde te vestig vir nakoming volgens die relevante regulerende vereistes deur, onder andere, te verseker dat hierdie standaarde en ander nakomingsbeginsels effektief gekommunikeer en toegepas word;

* die aktiwiteite van die verskillende nakomingsoperasies oral in die Kerk te koördineer en te ondersteun, en kundigheid in nakomingsverwante sake te voorsien, en in die besonder om te adviseer oor kerklike beleid en strategiese besluitneming wat nakomingsimplikasies mag hê;

* die monitering van nakomingsrisiko in ooreenstemming met die NHKA sowel as die bedryf se standaarde en norme te verseker;

* gedetailleerde en saamgevatte verslae voor te lê oor areas wat geassesseer is (inbegrepe die algehele nakomingsrisikoprofiel, die Algehele Sleutel-nakomingsrisiko-aanwyser en ’n regstellende aksieplan), asook om bevindings en gepaste aanbevelings aan belangegroepe, die Bestuurskomitee en die Oudit- en Risikokomitee te maak ter verbetering;

* die nakomingsondersoeke/moniteringsfunksies uit te voer soos vereis in terme van die beleid;

* effektiewe samewerking en interaksie met al die rolspelers binne die nakomingsproses te verseker; en

* enige taak wat nodig geag word, uit te voer om die doelwitte van die nakomingsfunksie na te kom.

5.5 FIDUSIÊR VERANTWOORDELIKE PERSONE (RISIKOVERTEENWOORDIGERS)

Die verantwoordelikhede van die risikoverteenwoordigers is onder meer die volgende:

* Voltooiing van risikoprofiele op ’n jaarlikse basis deur middel van kontrolerende selfassessering (soos voorgeskryf deur die Kerk se nakomingsfunksie).

* Voltooiing van nakomingsrisikobestuursplanne, wat huidige en nuwe wetgewing dek, op ’n deurlopende basis (soos voorgeskryf deur die Kerk se nakomingsfunksie).

* Voortgesette monitering binne die entiteite/organe met verwysing na –

  ** ontwerpeffektiwiteitsassessering;
  ** operasionele effektiwiteitstoetsing;
  ** selfassesseringsvraelyste;
  ** risiko-aanwysingsmonitering; en
  ** gevaarkol-ondersoeke.

* Voorlegging van nakomingsverslae aan die hoofnakomingsbeampte op ’n kwartaallikse/halfjaarlikse basis, sowel as tydens voorvalle van nie-nakoming.

* Fasilitering van deurlopende nakomingsadvies aan die entiteit/orgaan waarvoor die risikoverteenwoordiger verantwoordelik is.

* Versekering dat die fidusiêr verantwoordelike persone deeglik bewus is van alle nakomingsvereistes en -kontroles.

5.6 ROL VAN INTERNE OUDIT (KOMITEE)

5.6.1 **Rol**

Verskaf gerusstelling oor die toereikendheid en effektiwiteit van die bestuursproses rakende die nakomingsrisiko.

5.6.2 **Bevoegdheid**

Is bemagtig deur die Raad van Finansies om onbeperkte ondersoeke uit te voer ten opsigte van die NHKA se nakomingsrisikobestuursproses. Dit het derhalwe die reg tot toegang tot alle rekords, inligting en/of personeel in die NHKA oor enige saak, soos nodig geag mag word, om sy verpligtinge na te kom.

5.6.3 **Verantwoordelikhede**

Die verantwoordelikhede van die interne oudit is onder meer om –

* vas te stel of die relevante kontoleprosesse gevestig is om die nakomingsrisiko's waaraan die Kerk blootgestel is, te bestuur, en om die toereikendheid en effektiwiteit daarvan te evalueer;

* die toereikendheid van die bestaande bestuurkontrolestelsels te hersien en behoorlike nakoming deur gevestigde beleide, planne, prosedures, wette en regulasies te verseker, asook om die toereikendheid van sulke stelsels te monitor om so ver moontlik bedrog, verlies van bates of inkomste, of enige ander materiële onreëlmatighede te voorkom of op te spoor;

* die akkuraatheid van gedetailleerde transaksies te bekragtig waar die kontrole-omgewing as ontoereikend geag word of kontoleprosedures oneffektief toegepas is;

* periodieke opvolgondersoeke van werksaamhede of eenhede uit te voer waar beduidende areas van swakheid, nie-nakoming of risiko voorheen geïdentifiseer is;

* gedetailleerde en saamgevatte verslae oor areas wat gedek is, asook bevindings en behoorlike aanbevelings ter verbetering, aan die Bestuurskomitee en die Oudit- en Risikokomitee voor te lê;

* bystand te verleen op terreine wat geassesseer is om leemtes wat in die kontrole-omgewing opgespoor is, reg te stel;

* beplande veranderings aan bestaande stelsels te hersien sodat aan kontroleprosesse voldoen word;

* spesiale ondersoeke uit te voer, soos nodig geag word, ten opsigte van enige onreëlmatighede of ander kritieke kwessies wat gedurende ondersoeke opgespoor is; en

* spesiale ondersoeke, op versoek van die bestuur, in areas waar ’n hoë risiko geïdentifiseer is, uit te voer.

6. VERKLARENDE WOORDELYS

Sleutelterminologie wat in hierdie dokument gebruik is, word hier gedefinieer:

Deurlopende monitering van aktiwiteite in entiteite/organe	Benewens die monitering van effektiwiteits-hersienings, moet die risikoverteenwoordigers deurlopende monitering implementeer rakende die sleutelvoorskrifte ten opsigte van wesenlike en hoë risiko’s binne elke entiteit/orgaan. Dit kan gevaarkol-ondersoeke, *ad hoc*-selfassesseringsvraelyste, aftekenings deur die bestuur en die monitering van inligting insluit. Die resultate van hierdie moniteringsaktiwiteite word deur die hoofnakomings-beampte gebruik om hoërisiko-areas te identifiseer.
Nakomingsadvies/ menings	Die nakomingsfunksie neem deel aan die ontwikkeling van nuwe strategieë om te verseker dat nakomingsaangeleenthede proaktief aandag geniet.
Nakomingsbewustheid	Nakomingsrisikobewustheid word met gereelde bydraes via kommunikasiekanale asook betrokkenheid by kerklike komitees en forums bevorder.
Nakomingshandleidings	Die nakomingsfunksie moet die NHKA se nakomingshandleiding, gebaseer op die standaarde en norme van die Nakomingsinstituut van Suid-Afrika, op ’n deurlopende basis bywerk. Die handleiding het ten doel om – * al die risiko’s wat binne die bestek van die nakomingsfunksie val, te hanteer; * alle materiële doelwitte en aspekte van toepaslike regulerende vereistes in ag te neem; * na spesifieke wetgewing, reëls en regulasies te verwys en, indien gepas, op die gees of bedoeling van die reg te fokus; * prakties en verstaanbaar te wees om implementering te bevorder; * geredelik beskikbaar te wees vir alle relevante persone; en * gereeld bygewerk en hersien te word (minstens een maal per jaar). Planne vir die bestuur van nakomingsrisiko bly ’n integrale deel van nakomingshandleidings.

Sleutel-nakomingsrisiko-aanwysermonitering	Die monitering van die Sleutelnakomingsrisiko-aanwyser is ’n hulpmiddel wat deurlopend, waar prakties, deur die nakomingsfunksie gebruik word. * **Aanwyser** ’n Veranderlike wat moontlike oortreding van ’n regulerende vereiste of ’n werklike oortreding van ’n regulerende vereiste voorspel. ’n Indirekte aanwyser sal ’n toename aantoon in ’n sekere aksie of aktiwiteit met ’n hoër potensiaal vir nie-nakoming. Die aanwyser moet dan opgevolg word met ’n gedetailleerde ondersoek om te verseker dat handelinge van nie-nakoming nie plaasgevind het nie. * **Teiken** ’n Maatstaf (standaard) bepaal deur die nakomingsfunksie en ooreengekom met die entiteite/organe, waarteen die aanwyser gemeet moet word. * **Status** Die aanwyser waarteen die teiken gemeet kan word: ** Groen: Die aanwyser is binne ’n aanvaarbare maatstaf. ** Amber: Die aanwyser oorskry die aanvaarbare maatstaf in ’n geringe mate. ** Rooi: Die aanwyser oorskry die aanvaarbare maatstaf in ’n hoë mate.
Nakomingsopleiding	Die identifisering van nakomingsopleidingbehoeftes in ’n entiteit/orgaan, en aktiewe deelname aan en die ontwikkeling van opleidingsmateriaal, vorm ’n integrale deel van die aktiwiteite (werksaamhede) van die nakomingsfunksie.
Kontroletipes	**Direktiewe kontroles**: Hoëvlak-rigtinggewing deur beleid, beheerliggame (’n raad en komitees), senior bestuur, standaarde en ander aanspreeklike individue. **Voorkomende kontroles**: ’n Kontrole wat geposisioneer is om gevalle van nakomingsrisiko af te weer of te vermy, dus wat *voor die werklikheid* gebeur. Die tydsberekening van die kontrole verhoed dat ’n fout in die stelsel of proses insluip. Voorkomende kontroles verminder die waarskynlikheid van ’n risiko. **Opsporingskontroles:** ’n Kontrole wat binne ’n stelsel geposisioneer is om gevalle van risiko te

	identifiseer, dus om foute of risiko's, nadat dit plaasgevind het, op te spoor. Opsporingskontroles temper die impak van 'n nakomingsrisiko, dus nie-nakoming het reeds plaasgevind, maar sodra dit opgespoor word, kan regstellende aksie vinnig toegepas word. **Kontingente kontroles:** 'n Kontrole wat afhanklik is daarvan dat 'n voorval plaasgevind het. Die kontrole sal die impak van so 'n voorval minimaliseer.
Ontwerp-effektiwiteitsassessering	'n Assessering van die effektiwiteit van die ontwerp van die kontroles (soos geïdentifiseer en gedokumenteer deur die bestuur) in 'n proses om die beduidende nakomingsrisiko's van daardie proses tot 'n aanvaarbare vlak te verlaag. As deel van die nakomingsmoniteringsproses word ontwerp-effektiwiteitsassessering uitgevoer vir elkeen van die nakomingsrisikobestuursplanne vir die regulerende vereistes ten opsigte van wesenlike en hoë risiko's van elke entiteit/orgaan.
Implementering van 'n nakomingsproses en kwaliteitsassesserings-ondersoek	Om te verseker dat die nakomingsmetodologieë in ooreenstemming is met die nakomingsbeleid, voer die hoofnakomingsbeampte 'n onafhanklike ondersoek uit van die aktiwiteite van die entiteite/organe, soos en wanneer vereis word.
Inherente nakomingsrisiko	Die risiko voor oorweging van enige bestaande interne kontroles om so 'n risiko te verlaag.
Operasionele effektiwiteitstoetsing	Toetsing om te bepaal of beskikbare bewyse staaf dat die kontrole effektief funksioneer, soos gedokumenteer, om die verlangde kontroledoelwit te behaal. Dit evalueer ook of kontroles konsekwent toegepas is gedurende die periode onder hersiening. As deel van die nakomingsmoniteringsproses word operasionele effektiwiteitstoetsing uitgevoer vir elkeen van die nakomingsrisikobestuursplanne wat vir die regulerende vereistes ten opsigte van die wesenlike en hoë risiko's van elke entiteit/orgaan saamgestel is.
Toesig	Die verantwoordelikheid om te bevestig dat die vereistes vir die organisasie verstaan en effektief toegepas word, en om die vloei van relevante inligting van die entiteit/organe te ondersoek of te bespreek ter stawing hiervan.
Uitvoering van spesiale ondersoeke (*gevaarkol*-ondersoeke)	Die nakomingsfunksie verseker proaktiewe en onmiddellike respons op toenemende nakomingsrisiko's deur die betrokke areas te identifiseer vanuit alle beskikbare bestuursinligting, asook die uitvoering van *gevaarkol*-ondersoeke.
Profiel-werkwinkels	Die nakomingsfunksie fasiliteer werkwinkels om die toepaslike nakomingsrisiko's vir die NHKA en die

	entiteite/organe te identifiseer, meet en bekragtig. Hierdie werkwinkels vind jaarliks plaas. Informele opdaterings van die nakomingsprofiele word halfjaarliks aangebring.
Waardebepaling van bevindings	**Kritiek** Nie-nakoming van wesenlike regulerende vereistes. Wesenlike regulerende vereistes word afgelei van relevante wetgewing wat die ware aard van die spesifieke organisasie ondersteun. Nie-nakoming mag of kan die voortgesette lewensvatbaarheid van die organisasie ernstig bedreig of beperk, te wyte aan 'n materiële impak op die volhoubaarheid as gevolg van strawwe boetes en/of skending van reputasie. Volhoubaarheid word materieel geaffekteer deur – * verlies van relevante registrasies weens nie-nakoming; en * strawwe, boetes en negatiewe publisiteit (met skending van reputasie tot gevolg), byvoorbeeld weens nie-nakoming van wetlike vereistes. Nie-nakoming aan geringe vereistes binne die grense van wesenlike regulerende vereistes word nie gerapporteer nie. **Beduidend** Nie-nakoming van baie aktuele en pertinente regulerende vereistes. Aktuele en pertinente regulerende vereistes word afgelei van relevante wetgewing wat kontemporêr is vir die spesifieke organisasie. Nie-nakoming mag of kan die organisasie beduidend affekteer weens die impak op volhoubaarheid as gevolg van boetes en/of skending van reputasie. Anti-diskriminerende regulerende vereistes is aktueel en relevant. Die geakkumuleerde effek van die nie-nakoming van aktuele en relevante regulerende vereistes word oorweeg en kan dan, na herklassifikasie daarvan, daartoe lei dat dit as kritiek beskou word. **Gering** Nie-nakoming van sekondêre regulerende vereistes.

	Sekondêre regulerende vereistes word afgelei van relevante wetgewing wat ’n sekondêre invloed in die spesifieke organisasie uitoefen. Nie-nakoming mag of kan die organisasie onbeduidend affekteer weens ’n beperkte impak op volhoubaarheid as gevolg van geringe boetes en/of skending van reputasie. Alle toepaslike regulerende vereistes wat nie wesenlik of aktueel en relevant is nie, word in die besigheidsomgewing as sekondêr beskou. Die geakkumuleerde effek van die nie-nakoming van sekondêre regulerende vereistes word oorweeg en kan, na herklassifikasie daarvan, as kritiek of beduidend gereken word. Wanneer die toepaslike regulerende vereistes geklassifiseer word, word die unieke kenmerke van elke organisasie in ag geneem. Dit is gevolglik moontlik dat ’n spesifieke regulerende vereiste as wesenlik in een entiteit/orgaan geklassifiseer word, maar sekondêr in ’n ander.
Regulerende risiko	Die risiko dat ’n entiteit nie aan toepaslike wetgewing, regulasies of toesighoudende vereistes voldoen nie en/of die uitsluiting van voorskrifte vir relevante wetgewing van bedryfsprosedures.
Oorblywende nakomingsrisiko	Die nakomingsrisiko wat oorbly nadat die entiteit/orgaan aksie neem om die impak en waarskynlikheid van ’n nadelige voorval te verlaag, inbegrepe kontrole-aktiwiteite wat op ’n risiko reageer.
Selfassesserings-vraelyste	’n Selfassesseringsvraelys word gebruik as deel van deurlopende moniteringsaktiwiteite. Dit behels die evaluering van die nakomingsvlakke van die entiteit/orgaan op die basis van kontrolerende selfassessering met die voltooiing van selfassesseringsvraelyste of aftekeningsdokumente (aftekenings).
Toleransievlakke	Toleransievlakke is vooraf gedefinieerde limiete wat sneller reaksie van bestuur ontketen wanneer dit oorskry word.

---oOo---